Jan Groentjie-koshuis

Algemene reëls

1. Leerders moet hoflik en respekvol teenoor personeel en mede-leerders optree.
2. Daar word stiptelik by kloktye gehou.
3. Daar word absolute stilte gehandhaaf gedurende persoonlike stiltetye.
4. Terugpratery, byname of vuiltaal word nie geduld nie.
5. Voorbereiding van kos of drinkgoed word nie in die kamers toegelaat nie.
6. Leerders mag nie in die gange hardloop nie.
7. Leerders mag nie gil, skree, baklei of mekaar met voorwerpe gooi nie.
8. Die plante in die gange mag nie verniel word nie.
9. Leerders mag nie in mekaar se kamers kom nie.
10. Leerders mag nie aan mekaar se klere ruk of trek nie.
11. Leerders mag nie met balle in die koshuis speel nie.
12. Leerders moet hulle medikasie na naweke en vakansies by die huismoeder ingee.
13. Leerders mag nie kougom, alkoholiese drank, sigarette, vuurhoutjies, sigaretaanstekers, vuurwerke, enige medikasie, ongewenste leesstof of gevaarlike voorwerpe in hulle besit hê nie.
14. Leerders mag nie later as 07:30 op ‘n Maandagoggend terugkeer nie.
15. Leerders vertrek naweke en vakansies in gewone drag.
16. Leerders wat Maandagoggende terugkeer, moet skooldrag aanhê.
17. Persoonlike netheid en higiëne is baie belangrik.
18. Leerders se kamers, kaste en beddens word altyd netjies gehou.
19. Naweekreëlings moet teen Woensdae gefinaliseer wees.
20. Die huismoeder word in kennis gestel indien ‘n leerder nie vir ‘n naweek huis toe gaan nie. Die name en kontakbesonderhede moet op die toepaslike vorm ingevul word.
21. Persone wat ‘n leerder kom haal of terugbring, moet by die huismoeder aanmeld en die register teken.

22. Die skool kan behulpsaam wees met openbare vervoerreëlings.
23. Die huismoeder moet onverwyld in kennis gestel word van enige veranderinge in naweek- en/of vervoerreëlings.
24. ‘n Tarief van R25 word gehef vir die vervoer van ‘n leerder na en van ‘n openbare vertrekpunt.
25. Inkomtye: Sondag tussen 17:00 en 19:00, Maandag tussen 07:00 en 07:30.
26. Uitgaantye: Vrydag tussen 13:20 en 17:00, vakansies sluit die koshuis om 14:00 en langnaweke sluit die koshuis om 15:30).
27. Studietye: Maandag tot Donderdag: 15:00 – 16:00 en 19:00 tot 19:40.
28. Tydens studietye word stilte gehandhaaf. Geen rondlopery word toegelaat nie en leerders mag geen telefoonoproepe ontvang of maak nie.
29. Leerders mag slegs ‘n selfoon hê as ouers skriftelik toestemming gegee het.
30. Selfone mag nie skool toe geneem word nie.
31. Selfone moet tydens studietye afgeskakel wees.
32. Teen slaaptyd word alle selfone by die huismoeder ingelewer. ‘n Ouer wat ‘n leerder dringend moet kontak, kan die huismoeder of die munttelefoon skakel.
33. Leerders bring selfone na die koshuis op eie risiko.
34. Leerders gaan netjies geklee na die eetsaal.
35. Geen elektriese apparaat, uitgesonder radio’s, bandspelers, elektriese skeermesse en haardroërs, word toegelaat nie.
36. Alle apparaat moet die regte en heel koorde hê.
37. Vuil klere word in ‘n wasgoedsak gegooi.
38. Nat handdoeke word buite of oor die handdoekrelings in die badkamer opgehang.
39. Leerders mag slegs in besit wees van sleutels vir sy eie kas.
40. ‘n Duplikaatsleutel vir kasslotte moet by die huismoeder ingehandig word.
41. Kombinasieslotte word nie toegelaat nie.
42. Waardevolle artikels en geld moet by die huismoeder ingehandig word vir veilige bewaring.
43. Vandalisme word nie geduld nie. Leerders en ouers word verantwoordelik gehou vir skadevergoeding waar van toepassing.